

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die **Kerkblad**

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Februarie 2019

Christelike onderwys

Voorgangers in die gemeente

**Aan God meer gehoorsaam as
aan die owerheid**

www.gksa.org.za



Inhoud

februarie 2019



JAARGANG 120, NO. 3331 -
Februarie 2019

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | VAN DIE REDAKTEUR Aan God meer gehoorsaam as aan die owerheid | KOMMENTAAR 10 Skaapslag op Clifton – NG teoloog keur dit goed | ANDER 22 Teologiese Fietstoer 2019 23 GK Eden verwelkom nuwe predikantspaar Instituut vir Christelike Onderwys sê dankie 24 Inligting oor die <i>Bybel</i> : 'n Direkte Vertaling (BDV) |
| 4 | UIT DIE WOORD Waarom maak God só met my? | FOKUS 12 Geloftedag (2) ... 'n historiese besinning 14 Christelike Onderwys (2) 18 Die geskiedenis van die TSP (1) | 26 Lief en Leed 27 Kerklike administrasie 30 Kleinadvertensies |
| 6 | REDAKSIONEEL Teologiese Skool 150 – terugblik op 1969 | IN DANKBARE HERINNERING ... 20 Ds. JS (Koos) du Plooy | |
| 8 | BRANDPUNT Praktiese riglyne vir en oor voorgangers in die gemeente | | |

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2018 – 30 Junie 2019):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R275
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R396
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R372
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes) – R115

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

“Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!”
– Num. 6:24-26

EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Praktiese riglyne vir en oor voorgangers in die gemeente

Baie mense praat deesdae oor leierskap. Sommige kla droewig dat ons nie meer leiers in ons land of kerke het nie. Vroeër was dit glo anders. Ander verkoop meer onfeilbare leierskapsprogramme wat 'n individu of groep bekwaam maak vir enige taak in tien maklike stappe (voeg maar enige getal hier in). Teen 'n prys, natuurlik. Beide help egter nie veel nie.

In sy Woord openbaar die Here op verskeie plekke beginsels en riglyne van leierskap. 'n Relatief onbekende gedeelte wat hieroor handel, is die slotopdragte aan die einde van die boek Hebreërs (Heb. 13:7-9, 17-19). In hierdie enkele verse openbaar die Here wat Hy verwag van voorgangers in 'n gemeente, en wat hy van die gemeente verwag ten opsigte van hulle voorgangers.

“Voorganger” eerder as “leier”

Opmerklik genoeg word die leiers van die Hebreërgemeente nie “leiers” genoem nie. Hulle word “voorgangers” genoem. Is dit nie 'n wonderlike naam nie? So 'n persoon is deur die Here geroep om in die kerk “voor te gaan”. So 'n persoon is nie geroep om baas te speel of om gesag af te dwing nie, maar om die regte koers vir die gemeente aan te dui deur self

voor te loop. Dít kan 'n voorganger slegs doen as hy self in die spore van Christus volg (1 Kor. 11:1).

Wat verwag word van voorgangers in die gemeente

In Hebreërs 13 lees ons van drie riglyne vir die voorgangers in die gemeente.

Verkondig die woord van God – Die voorgangers in die Hebreërgemeente word beskryf as hulle “*wat die woord van God aan julle verkondig het*” (Heb. 13:7). Dit is die heel eerste ding wat van hulle gesê word. Dit is nie vreemd dat dit voorop staan nie, want dit was en is 'n voorganger se primêre taak. 'n Voorganger moet God se woord verkondig sodat God self aan die woord kom.



Wees 'n voorbeeld vir ander in lewenswandel en geloof – Die tweede taak van 'n voorganger hoor ons in die woorde van Hebreërs 13:7: “*Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.*” 'n Voorganger moet 'n voorbeeld wees in twee dinge: lewenswandel en geloof. Hulle moet uitblink as mense wat God verheerlik deur te lewe soos Hy vermag, om sodoende ander tot soortgelyke optrede aan te spoor. Hulle moet só op die Here vertrou dat hulle ander daardeur aanvuur om dieselfde te doen.

Hou wag oor die gemeente se geestelike lewe – Die derde taak van 'n voorganger vind ons in Hebreërs 13:17: “*Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee.*” Voorgangers moet geestelik waghouding oor die gemeente. Hulle moet waaksaam sorg dat die gemeente groei in die geloof en daarna streef om God al hoe meer te verheerlik. Dit moet hulle doen met die wete dat hulle eendag aan God sal moet rekenskap gee oor hierdie taak (vgl. Jak. 3:1).

Wat verwag word van die gemeente ten opsigte van hulle voorgangers

Vier riglyne word in Hebreërs 13 gegee oor wat die gemeente moet doen ten opsigte van hulle voorgangers:

Onthou wat julle voorgangers julle leer – Dit hoor ons in Hebreërs 13:7a: “*Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het.*” Van die gemeente word verwag om hulle voorgangers te onthou, spesifiek die woord wat hulle verkondig het. Dit moet hulle doen, want die woord van God verouder nooit nie: “*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid*” (Heb. 13:8).

Christus self is die konstante in 'n gemeente; Hy gee kontinuïteit. Daarom moet ons luister na dieselfde Christus wat verkondig was deur ons vorige voorgangers, en nou verkondig word deur ons huidige voorgangers.

Boots julle voorgangers se voorbeeld in lewenswandel en geloof na – Die tweede riglyn vind ons in Hebreërs 13:7b: “*... aanskou die uiteinde van hulle*

lewenswandel en volg hulle geloof na.” Hieroor het ons reeds gesels. Van die gemeente word verwag om hulle voorgangers se lewenswandel en geloof na te boots, en om dit sonder ophou te doen. Hulle moet doen wat hulle leiers doen en verkondig. Op die ou einde kan die voorgangers bloot “voorgaan” – die gemeente moet “doen” deur te volg.

Wees gehoorsaam en onderdanig aan julle voorgangers – Die derde beginsel oor voorgangers vind ons in Hebreërs 13:17: “*Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig.*” Dit moet die gemeente doen omdat God die voorgangers aangestel het om wag te hou oor hulle geestelike welsyn. God het aan hulle hierdie roeping en taak gegee. Indien die gemeente dit doen, sal die voorgangers hulle werk met vreugde kan doen.

Bid voortdurend vir julle voorgangers – Die vierde en finale beginsel vir die gemeente ten opsigte van hulle voorgangers vind ons in Hebreërs 13:18: “*Bid vir ons.*” Sonder ophou moet ons vir ons voorgangers bid. Dit moet ons doen omdat hulle 'n groot taak het. Alleen God kan deur die kragtige werking van die Heilige Gees hulle tot elke deel van hulle roeping en taak in staat stel. Daarom moet ons vir hulle bid.

Slot

Tereg praat baie mense deesdae oor leierskap. Die beste plek waar ons hieroor kan leer, is die Bybel self.

Mag ons as voorgangers en gemeentes opnuut hoor waartoe die Here ons roep in die praktiese woorde van Hebreërs 13. ^{DK}

LICORNA BEACH

UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS

Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.

SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974

LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za
<http://licorna.co.za>



Predikante-opleiding voor die stigting van die Teologiese Skool in Burgersdorp in 1869

Die geskiedenis van die TSP (1)

Toe die Gereformeerde Kerk in 1859 tot stand gekom het, was ds. Dirk Postma die enigste predikant. Teen 1860 was daar al nege kerke. Eers in Januarie 1862 is ds. Johannes Beyer as die tweede predikant in Reddersburg bevestig. Nou was daar 'n predikant in die Transvaal en een in die Oranje-Vrystaat, maar nog geen predikant in die Kaapkolonie nie.

In sy selfopgestelde kerkorde het Postma in Artikel 15 drie opsies voorsien om bedieningsnood die hoof te bied: voorlopige opleiding deur predikante, die oprigting van 'n Teologiese Skool en hulp uit die buiteland.

Daar was inderdaad talle pogings om predikante uit Nederland te beroep, maar sonder sukses, en dit is vir alle praktiese doeleindes teen 1865 laat vaar. Daar is selfs op 'n stadium daaraan gedink om di. Van der Wall of Van Broekhuizen van die NG Kerk te beroep omdat hulle uit die Christelike Gereformeerde Kerke van die VSA en Nederland afkomstig was. Die feit dat die

Kaapse NG Kerk nie die Gereformeerde Kerk erken het nie, het egter veroorsaak dat ook hiervan niks gekom het nie.

Dit het gou duidelik geword dat die Gereformeerde Kerk en sy twee predikante te staan gekom het voor twee groot uitdagings: behoorlike onderwys vir die verbondskinders en die opleiding van predikante.

Reeds in 1862 was daar sprake van die oprigting van 'n Teologiese Skool in Colesberg, en in 1863 het die kerkraad van Reddersburg by die Tweede Sinode advies gevra oor die oprigting van 'n opleidingskool. Daar word by hierdie Sinode besluit om vir dié doel te begin kollekteer, maar gee intussen opdrag aan Postma en Beyer om manne met besondere gawes te begin oplei. Die Sinode sou dan uiteindelik besluit oor die toelating tot die bediening.

Postma en Beyer was goed toegerus vir die taak, omdat albei van hulle soortgelyke opleiding in Nederland ontvang het. Op die Sinode van 1863 het Postma weer 'n ernstige pleidooi gelewer vir kerklike opleiding van predikante en is daar ook kennis geneem dat reeds £63 uit die gemeentes hiervoor ingekom het.

Dat ds. Beyer ook ernstig oor die opleiding van predikante was, blyk uit die feit dat Burgersdorp in Julie 1864 onder sy invloed Postma as professor vir hierdie taak beroep het. Postma bedank egter die beroep, omdat hy van mening was dat die oprigting van 'n Teologiese Skool 'n saak vir die Algemene Sinode is. Op die Algemene Vergadering van Transvaal in Oktober 1864 blyk dit dan ook dat die kerkraad van Rustenburg beplan om 'n Teologiese Skool op te rig. Dit het egter nie weer ter sprake gekom nie.

Intussen is die Nederlander NJR Swart as onderwyser aangestel in die eerste skool wat onder Postma se aanmoediging in Rustenburg tot stand gekom het. In 1864 word hy, MPA Coetzee en JC du Plessis

Postma se eerste studente. In Desember 1865 kom meld nog 'n onderwyser uit Nederland, Jan Lion Cachet, hom by Postma aan vir opleiding.

Cachet het kort tevore besluit om die NG Kerk te verlaat en by die Gereformeerde Kerk aan te sluit. Die Kerkraad van Rustenburg besluit om hom as lidmaat te aanvaar en hom boonop vir drie maande as hulponderwyser by die plaaslike skool teen vergoeding aan te stel.

Ds. Postma het ook onderneem om kosteloos losies aan hom te verskaf.

Groot gedeeltes van hulle opleiding vind plaas wanneer Postma op reis was. Iemand het later in 'n koerantberig hieroor opgemerk: "de ossewagen (was) maar meest zijn studievertrek". Die lys van vakke wat hulle moes baasraak, is nogal indrukwekkend.

In Reddersburg het SD Venter by ds. Beyer aangemeld en die Sinode van 1866 laat Swart en Venter tot die bediening toe. By dieselfde Sinode word ook besluit om studente ouer as 30 vry te stel van die studie van die ou tale.

Benewens 'n toets oor hulle akademiese bekwaamheid, het die Sinode ook die kandidate se preekgawes op 'n uitsonderlike wyse getoets: die student moes 'n teks uit 'n houer trek en is slegs 'n uur en 'n half gegun om 'n preek daarvoor te maak. Soos prof. GCP van der Vyver jare

later opmerk: "Nou ja, wie weet wat uit hierdie anderhalfuur van nood gebore is"!

Postma het intussen 'n beroep na Burgersdorp aangeneem en Jan Lion Cachet wat in 1868 tot die bediening toegelaat is, is in Rustenburg bevestig. Die Sinode van 1869 laat nog drie kandidate tot die bediening toe: PJJ Viljoen, AAJ de Klerk Coetsee en MPA Coetsee (sr.).

Teen die einde van 1869 is die vyf kerke van Transvaal bedien deur ds. NJR Swart van Pretoria, die vier kerke in die Vrystaat deur ds. SD Venter van Bethulie en die ses kerke van die Kaapkolonie deur di. D Postma en Cachet op Burgersdorp, MPA Coetsee (sr.) van Middelburg, PJJ Viljoen in Colesberg en AAJ de Klerk Coetsee in Philipstown. ^{DK}



Ds. Johannes Beyer

Die laaste groep professore en studente van die Teologiese Skool Burgersdorp, 1904. Voor v.l.n.r.: DJ du Plessis, JJA. Coetsee, P Coetzee, S Vorster, JH Kruger, RS Postma.

Middel: JH Boneschans, HJR du Plessis, prof. Ferdinand Postma, prof. Jan Lion Cachet, prof. Dirk Postma, JH Kruger, TN Venter.

Agter: HJJ van der Walt, JC van der Walt, BJM Kruger, HPJ Pasch, JP van der Walt, DP du Plessis, BR Grobler en PW Bingle.

(Foto met erkenning aan: My Dopperdagboek se Facebook-blad)



Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)

Inligting oor die *Bybel*: 'n *Direkte Vertaling* (BDV)

Die Bybelgenootskap van Suid Afrika (BSA) is onder andere betrokke by die produksie en verspreiding van Bybels in al 11 die amptelike tale in Suid Afrika (en verspreiding in ander tale ook). Hulle pak 'n nuwe projek aan wanneer kerke vanuit 'n spesifieke taalgroep hulle nader met 'n behoefte vir 'n Bybel in die betrokke taal. Die GKSA werk al baie lank saam in hierdie prosesse.

'n Aantal jare gelede (2004) het verskillende kerke wat Afrikaans gebruik, die BSA genader oor 'n nuwe Afrikaanse vertaling. Die redes vir die versoek was veral geleë in die feit dat die 1983-vertaling 'n meer dinamiese vertaling is. Dit vertaal graag met die oog op beter en groter verstaanbaarheid by die "man op straat". Dit maak dat dit baie bruikbaar is vir algemene lees van die Bybel en ook by evangelisering maklik gebruik kan word.

Dit vertaal egter nie Hebreëuse en Griekse woorde waar dit voorkom noodwendig met dieselfde Afrikaanse woorde nie, dit konsentreer nie soseer op woorde nie, maar op frases of gedagtes wat verstaanbaar moet wees.

Maar kerke met 'n gevestigde kerklike tradisie benodig ook 'n meer studiegerigte vertaling. 'n Vertaling wat gebruik kan word in Bybelstudie, in die erediens, in katkisasie. Een wat jou nader na die wêreld van die Bybelse lewe neem.

Waar die 1983-vertaling gerig was op die doeltaal (Afrikaans), was daar behoefte aan 'n vertaling wat die brontale (Hebreeus, Aramees en Grieks) verstaanbaar kan maak. As gevolg van die dinamiese aard van taal (daar het in 2004 al ongeveer 75 jaar verbygegaan sedert die 1933-vertaling gedoen is) was die "Ou" vertaling vir baie lidmate nie meer

geskik as studiegerigte of brontaalgeoriënteerde vertaling nie.

Die GKSA het ook 'n ander versoek gehad, naamlik dat die Godname meer onderskeidend vertaal word. Veral twee name van die Here (maar nie net hierdie twee nie) was ter sake. In die 1933-vertaling kry ons die vertalings Here en HERE. Eersgenoemde was die vertaling van die Hebreëuse naam Adonaj en laasgenoemde van Jahwe. Die Bybel gebruik Jahwe as die beklemtoning val op die Here as Verbondsgod, en Adonaj meer in die sin van Sterke of Magtige God, die Besitter of Eienaar van die wêreld.

Hierdie versoek tot 'n onderskeidende vertaling was oor baie jare deur die GKSA voor die BSA gebring.

Kerke wat saamwerk met die BSA oor 'n vertaling in 'n spesifieke taal kom byeen in 'n "advieskomitee". Die advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (afgekort as KABA) het in 2004 die versoek tot 'n nuwe vertaling voor die BSA gebring en dit het die versoek vir die onderskeidende vertaling van die Godname ingesluit.

Die BSA het besluit om gehoor te gee aan die versoek. Samewerkende kerke (insluitende die GKSA) het proporsionele verteenwoordiging op KABA (die GKSA het drie verteenwoordigers). KABA het 'n Begeleidende Komitee (BK) aangewys om die projek te bestuur in samewerking met die BSA. Die baie bekwame prof. Bernard Combrink is as die voorsitter van die BK aangewys.

Verskeie kundiges uit die GKSA was op verskillende vlakke betrokke by al die prosesse en fases van die vertalingsprojek.

Die projek het tot nou toe bekend gestaan as *Die Bybel: 'n Direkte vertaling* (BDV).

Die vertaling gaan deur 'n deurdringende proses van afhandeling – vanaf 'n eerste tot vyfde fase. Daar is deurentyd kundiges op verskeie terreine betrokke: eksegete, vertaalkundiges, Afrikaanse taal-kundiges, leksikograwe, ensomeer.

Die verskillende fases wat afgehandel is, word verder na kerklike lesers gestuur, wat insette gee en 'n direkte invloed het op die vertaling. Hierdie fases van die vertalings is vir die publiek toeganklik via www.bybeldirektevertaling.co.za.

Die vertaling maak gebruik van omvattende voetnotas. Die vertaling gee 'n direkte vertaling in die teks (so na as moontlik aan die oorspronklike, maar sonder om die betekenis te verduister). Daarmee saam word in voetnote aantekeninge gegee oor spesifieke woorde en die verstaan daarvan. Daar is ook kruisverwysings en verwysings na 'n redelik omvattende woordelys en aantekeninge agter in die Bybel.

Dit kan met groot dankbaarheid gesê word dat al die spanne en lede van KABA oor al die kwessies wat na vore kom in so 'n vertalingsproses eenstemmigheid kon bereik.

Behalwe oor een saak. Daar was sekere kerke wat aangedring het dat alle direkte én indirekte verwysings na Christus in die Ou Testament met 'n hoofletter vertaal word, terwyl die meeste gevra het dat nêr direkte verwysings na Christus só vertaal word. Daar is 'n kompromis bereik, en daar sal nou 'n standaard- en 'n hoofletteruitgawe van die Bybel (BDV) versprei word.

Dit kan vir interessantheid genoem word dat die Rooms-Katolieke kerk ook van Afrikaans gebruik maak hier aan die suidpunt van die kontinent, en dat hulle ook gevra het om saam te werk met die projek. Die bekende vader Bonaventura Hinwood was by die vertaling betrokke tot met sy dood.

Die RKK het 'n versoek gerig dat die Deuterokanonieke boeke (soos ons dit soms noem, apokriewe boeke) ook hervertaal word in Afrikaans. Daar sal daarom ook 'n Rooms-Katolieke uitgawe van hierdie nuwe vertaling gepubliseer word.

KABA het op 30 Oktober 2018 vergader en prof. Combrink het namens die Begeleidingskomitee (BK) terugvoer gegee. Die proses is sowat 98% afgehandel! Daar word gewerk daarna om die Bybel DV bekend te stel in November 2020, om saam te val met die viering van die BSA se 200ste bestaansjaar in SA.

Daar word met groot verwagting gewag op die voltooiing van hierdie vertaling. KABA het aanbeveel dat die naam daarvan sal wees: *Die Bybel*. Net soos die 1933- en 1983-vertaling bloot bekendstaan as “Die Bybel”. Om onderskeid te tref sal mens dan verwys na die 2020-uitgawe of -vertaling.

Die afgelope twee sinodes het reeds aanbeveel dat die vertaling op 'n proefbasis in gemeentes gebruik kan word. Baie positiewe terugvoer is daarvoor ontvang.

Laastens kan dit genoem word dat daar al verskeie kere allerlei pogings was om hierdie vertaling te verketter – as 'n Roomse Bybel of selfs as 'n New Age-vertaling. Die Sinode wys deurentyd *Deputate: Bybel* aan, wat ook 'n inset het op die vertalingsproses via KABA. Hierdie *Deputate: Bybel* hou deurentyd 'n oog oor hierdie gerugte, maar kan met sekerheid rapporteer dat die gerugte nie die toets van die waarheid kan deurstaan nie. Die goeie trou van die vertalers en die projekteier staan bo verdenking!

Ons dank die Here vir die voorreg van verskeie amptelike en nie-amptelike vertalings van die Bybel in Afrikaans. Dit is inderdaad 'n voorreg om só 'n keuse te kan hê.

Gaan lees gerus Die Bybel (2020-vertaling) op die webwerf, en vorm jou eie mening daaroor! ^{DK}